

BELEGGERSKORRESPONDENSIE

14 FEBRUARIE 2014

**RE: HIGHVELD SYNDICATION 15- 22 BEPERK (ONDER BESIGHEIDSREDDING)
("HS-MAATSKAPPY") EN ORTHOTOUCH BEPERK ("ORTHOTOUCH")**

1. Dit is algemene kennis dat die HS-maatskappy in September 2011 onder besigheidsredding geplaas is.
2. Die geskiedenis en agtergrond wat verband hou met die gebeure wat daartoe gelei het dat besigheidsredding vir die HS-maatskappy ingestel is, is in die Besigheidsreddingplan ("die Plan") opgeteken wat op 14 Desember 2011 aanvaar is, en wat op ons webwerf geraadpleeg kan word, by www.corprecover.co.za
3. Omtrent ses maande voor die aanvang van besigheidsreddingstappe, op 24 Maart 2011, is 'n ooreenkoms tussen Orthotouch (destyds 'n ongebruikte rakmaatskappy) en al die rolspelers in die HS-maatskappy, Bosman & Visser, en Pickvest gesluit, waarkragtens Orthotouch die eiendomme en belange wat die HS-maatskappy besit het, sou aanskaf. Die ooreenkoms was onderhewig aan die nakoming van sekere voorvereistes, wat nog nie nagekom was toe die HS-maatskappy in September 2011 onder besigheidsredding geplaas is nie, met die gevolg dat die ooreenkoms verval en ongeldig geraak het. In die tydperk tussen Maart 2011, toe die ooreenkoms onderteken is, en September 2011, toe die HS-maatskappy onder Besigheidsredding geplaas is, het Orthotouch fondse aan die HS-maatskappy voorgeskiet om rente aan HS-beleggers te betaal.
4. In September 2011, toe die HS-maatskappy onder besigheidsredding geplaas is en ek as Besigheidsreddingpraktisyn ("BRP") aangestel is, was ek aan baie streng spertye onderwerp ingevolge die besigheidsreddingklousules wat in

Hoofstuk 6 van die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) (“die Wet”) vervat is. Ek/die HS-maatskappye moes onder meer:

- 4.1. ’n verpligting nakom om sowat 18 500 beleggers binne vyf (5) dae vanaf die indiening van die Besigheidsreddingvoorneme in kennis te stel;
- 4.2. om die eerste krediteurevergadering binne 10 (tien) dae ná my aanstelling te belê; en
- 4.3. om binne 25 dae ná my aanstelling ’n Besigheidsreddingsplan bekend te maak;
5. By die eerste krediteurevergadering wat in September 2011 gehou is, het die geaffekteerde persone eenparig ’n resoluëie aanvaar om die datum vir die bekendstelling van ’n Besigheidsreddingplan tot 30 November 2011 uit te stel.
6. Toe die HS-maatskappye onder besigheidsredding geplaas is, het die Orthotouch-ooreenkoms waarna daar in paragraaf 3 hierbo verwys word, verval. Orthotouch is genooi om van nuuts af met die BRP te onderhandel.
7. Voortspruitend uit hierdie onderhandelings het Orthotouch ongeveer in Oktober 2011 ’n gewysigde aanbod aan die BRP voorgelê.
8. Orthotouch se aandeelhouers het in daardie stadium reeds met ’n handelsbank begin onderhandel om sowat R200m aan die HS-maatskappye as na-besigheidsredding aanvangsfinansiering voor te skiet, soos wat Artikel 135 van die Wet dit omskryf. Die bank het ’n lys bepalinge verskaf, wat die Orthotouch-direkteure en die BRP laat glo het dat die na-aanvangsfinansiering verkry is.
9. Daar is aanvaar dat Orthotouch onmiddellik ná aanvaarding van die Plan (waarna daar in paragraaf 2 hierbo verwys word) hierdie verpligting teenoor die betrokke bank sou oorneem, en dat hierdie bedrag Orthotouch in staat sou stel om vanuit die staanspoor ’n R200 miljoen-kontantbasis te hê wat sou dien as:
 - 9.1. bedryfskapitaal;
 - 9.2. befondsing van die aanvanklike gedeeltes van die betaalbare rente; en
 - 9.3. om in die algemeen kostes verbonde aan die oordrag van vaste eiendomme vanaf die HS-maatskappye na Orthotouch ingevolge die Plan, nadat dit aanvaar is, en sodanige registrasie te betaal.
10. Die BRP is voorgestel aan die handelsbank en het op 17 November 2011 deelgeneem aan samesprekings met die bank, sowat 2 weke voordat die Plan bekend gemaak sou word.
11. Tydens hierdie samesprekings het die BRP die bankampnare ingelig dat die betrokke befondsing deels vir die betaling van November 2011 se rente gebruik

sou word, en dat dit daarna vir die befondsing van aktiwiteite soos genoem in paragraaf 9 hierbo aangewend sou word.

12. Die BRP het dit tydens die samesprekings baie duidelik aan die betrokke bankamptenare gestel dat dit geen doel sou dien om befondsing vir 'n aanvanklike leningsgedeelte van R30 miljoen te verskaf indien die bank nie daarna voortgaan met die proses om die volle bedrag van R200 miljoen beskikbaar te maak nie.
13. Hierdie spesifieke samesprekings met die bank het tydens 'n vergadering op Donderdag, 17 November 2011 plaasgevind. Die volgende oggend (18 November 2011) het die bank genoeg fondse oorbetaal om die HS-maatskappye in staat te stel om beleggers se rente vir November 2011 te betaal.
14. In die week daarop het die BRP verskeie kere sonder sukses probeer om met die bank in verbinding te tree. Geen telefoonoproepe is geantwoord nie, en die BRP is basies geïgnoreer.
15. Vrydagoggend, 25 November 2011 ('n week later), 5 dae voor die Plan bekend gemaak sou word soos in paragraaf 5 hierbo genoem, het die BRP 'n oproep van twee bankamptenare ontvang om hom in kennis te stel dat die balans van die beloofde befondsing waarna daar in paragraaf 8 hierbo verwys word, nie oorbetaal sou word nie.
16. Die Orthotouch-rolspelers het, ten spyte van hierdie terugslag, daarop aangedring dat die Plan (wat in daardie stadium byna klaar was) in sy huidige formaat bekend gemaak moet word.
17. Die rede hiervoor was dat Orthotouch en sy aandeelhouers steeds geglo het (wat op die ou end verkeerd blyk te wees het) dat ander banke sonder probleme vroeg in 2012 tot Orthotouch se redding sou kom.
18. Dit is algemene kennis dat dit nooit gebeur het nie, en dat dit die rede is waarom Orthotouch steeds 'n kontanttekort ervaar en – onder meer – tot op hede nie die vaste eiendom kon oordra soos wat dit in die Plan in die vooruitsig gestel is nie. Daar moet in hierdie verband op die volgende gelet word:
 - 18.1. Die direkteure van Orthotouch het alles in hul vermoë gedoen om kontantvloei vir Orthotouch te bewerkstellig sodat die oordrag van die eiendomme kan plaasvind, maar sonder sukses;
 - 18.2. Die oplossing vir die kontantvloei- en oordragprobleme wat aanvaar is, is 'n noteringsproses van 'n kombinasie van eiendomme wat enersyds deur die Georgiou-groep en andersyds deur Orthotouch besit word;

- 18.3. Hierdie noteringsproses van 'n entiteit genaamd Accelerate Property Fund Beperk, duur al langer as 'n jaar, en is onder meer vertraag deur die SA Bankbedryf se huiwering om befondsing te verskaf;
- 18.4. Die beplande notering het egter met welslae op 12 Desember 2013 plaasgevind.
19. Hierdie notering het Orthotouch in staat gestel om omtrent alle bankskuld op alle eiendomme wat vir oordrag na die Orthotouch-portefeulje geormerk is, omvattend af te betaal. Voortspruitend uit die notering, is die waarde van die portefeulje van onbelaste eiendomme wat Orthotouch geregtig is om op sy naam oor te dra, sowat R3 miljard.
20. Die proses om die portefeulje in Orthotouch se naam te registreer sal nou begin. Slegs eiendomme wat Orthotouch in die lang termyn wil behou, sal oorgedra word. Eiendomme wat geormerk is om verkoop te word, sal tot geld gemaak word sodat die opbrengs vir die volgende benut kan word:
 - 20.1. bedryfskapitaal;
 - 20.2. verbeterings; en
 - 20.3. ontwikkeling van die eiendomme wat in paragraaf 20 hierbo genoem word.
21. Die Plan maak voorsiening vir die administrasie van die Orthotouch-eiendomsportefeulje deur 'n maatskappy wat in die Plan as "JPA Admin" bekend staan.
22. Die Plan maak voorts voorsiening dat 'n sekretariële dienste-ooreenkoms tussen die HS-maatskappye en 'n maatskappy wat in die Plan as "JPA Sekretarieel" omskryf word, gesluit word.
23. Orthotouch se direksie het op 11 Februarie 2014 besluit dat Orthotouch die aandele in die maatskappy waarna daar in paragrafe 20.3 en 22 hierbo verwys word, moet bekom, en Orthotouch sal gevolglik voortaan sy eie eiendomsportefeulje administreer.
24. Orthotouch se ouditeure het die direksie op 21 Januarie 2014 in kennis gestel dat hulle te wyte aan hul werkklas dit moeilik vind om die Orthotouch-oudit te skeduleer, en het gevolglik bedank. Orthotouch se direksie het reeds nuwe ouditeure geïdentifiseer en samesprekings om hul aanstelling te finaliseer het op 11 Februarie 2014 plaasgevind. Na verwagting sal dit binnekort gefinaliseer word, en sal die nuwe ouditeure direk daarna met hul werk begin.

25. Die positiewe uitwerking van die notering was dat bykans al Orthotouch se bankskuld wat weens kruissekuriteitstelling ontstaan het – waar Orthotouch-eiendomme as sekuriteit vir ander lenings, asook byna die hele lening deur Zephan Properties (Edms) Bpk aan Orthotouch, moes dien – nou afbetaal is.
26. Orthotouch kan nou, sonder inmenging deur finansierders, met verskeie partye sake doen om kontant te genereer, soos beskryf in paragrafe 20 tot 20.3 hierbo. Dit behoort Orthotouch binne die volgende drie maande 'n positiewe kontantbalans gee. Pogings word egter steeds aangewend om beleggers in die tussentyd te help.
27. Geaffekteerde persone in die HS-maatskappy word egter herinner dat rentebetalinge sedert Maart 2011, soos beskryf in paragraaf 3 hierbo, voortgegaan het. Beleggers moet in gedagte hou dat sowat R600m sedert Maart 2011 aan beleggers betaal is, wat sekerlik van 'n verbintenis tot die volgende getuig:
- 27.1. die reddingsproses; en
- 27.2. die soeke na 'n langtermynoplossing.
28. Wat hierbo beskryf word, wys dat daar vasbeslotenheid is om die proses te laat werk. Ons herinner beleggers weer eens daaraan dat hierdie proses die enigste eiendomsbeleggingskema van sy aard in die onlangse Suid-Afrikaanse regsgeeskiedenis is waar beleggers op 'n gereelde grondslag betaal word, in plaas van likwidasiescenario's, waar beleggers basies al hul beleggings kwyt is.
29. Ons vra dus dat beleggers ons bystaan deur positief te bly en die reddingsproses te ondersteun.

JF KLOPPER

BESIGHEIDSREDDINGPRAKTISYN

HS-MAATSKAPPYE

EN:

DIREKSIE

ORTHOTOUCH BEPERK*